kinders
moet
GRENSE HÊ
Doeltreffende dissipline sonder straf
Anne Cawood

Grense in die klaskamer

HOOFSTUK 15

"Die manier waarop ouers en onderwysers praat, sê vir 'n kind hoe hulle oor hom voel. Hul stellings beïnvloed sy selfbeeld en sy self-waarde. Wat hulle sê, bepaal in 'n groot mate wat sy lotsbestemming gaan wees."

[Haim Ginott (in *How to talk so kids can learn*: Faber and Mazlish)]

DIE UITDAGINGS WAARVOOR ONDERWYSERS TE STAAN KOM

Oor die jare heen het baie onderwysers wat werkwinkels vir positiewe ouerskap en doeltreffende dissipline, bygewoon het, kommentaar gelewer soos *"Ek kan sien hierdie vaardighede sal werk vir ouers met twee of drie kinders – dalk selfs vier – maar sekerlik nie in 'n klas van 30 nie."*

Ek erken ruiterlik: 'n klas vol uitbundige kinders wat heeltyd jou perke tot die uiterste toets, is 'n unieke uitdaging – en ek het sommer baie ontsag vir onderwysers, veral noudat ek self in 'n skoolomgewing werk. Dit ly geen twyfel dat onderwysers 'n grondliggende en onmisbare rol in die positiewe ontwikkeling van kinders speel nie. 'n Onderwyser kan 'n kind maak of breek.

- 'n Gevoelige, kwesbare kind kan onherstelbare emosionele skade ly aan die hand van 'n onbevoegde onderwyser.
- 'n Kind wat alreeds negatief geëtiketteer is, kan weens 'n lae selfbeeld nog

verder in die negatiewe spiraal ingesuig word.

- 'n Kind wat met hardhandige en hardvogtige strafmaatreëls gedissiplineer word, kan maklik toevlug neem tot afwykende gedrag.
- 'n Uiters sensitiewe kind kan vir die res van sy lewe emosioneel geskaad word deur 'n onderwyser wat gebruik maak van vernedering en sarkasme.

Onderwysers – 'n onmisbare rat in die masjien

Onderwysers speel tydens die kind se vormingsjare 'n geweldige belangrike rol. Hulle neem etlike uur per dag, die plek van die ouer in; tog bied hulle opleiding bloedmin in die vorm van ouerskapvaardighede. Dit is dus noodsaaklik vir onderwysers om hul vaardighede te slyp. 'n Onderwyser kan 'n ongelooflike verskil maak aan die kinders wat onder sy/haar invloed staan:

Kinders uit probleemhuise/gewelddadige gemeenskappe het dikwels groot vertroue in die geborgenheid van die grense wat hulle by die skool ervaar. Baie gespanne, oorwerkte onderwysers het al gevoelens van wanhoop uitgespreek oor die omvang van hulle taak: "Hoe kan ek ooit 'n verskil maak in die lewe van 'n kind wat by 'n huis vol sosiale probleme tuiskom? Dis asof ek hom help om vyf stappe vorentoe te neem; dan gaan hy huis toe en val tien treë terug!". My reaksie is gewoonlik iets soos: "Maar as jy hom nie gehelp het om die vyf treë vorentoe te gee nie, sou hy nét agteruit gegaan het".

Baie volwassenes het onuitwisbare herinneringe aan 'n spesifieke onderwyser – een wat dalk daardie spieël opgehou het om vir die kind 'n positiewe beeld van homself te wys. Of een wat genoeg in die kind geglo het om 'n droom aan te wakker of 'n talent te help koester. Of een wat net geluister het, en verstaan het dat die onaanvaarbare gedrag te wyte was aan onderliggende probleme en onderdrukte gevoelens.

'n Onderwyser beskik oor baie mag om kinders te kan beïnvloed. Hoeveel ouers het al die verstommende ervaring gehad van 'n kind wat by die huis kom en verklaar dat haar juffrou sê sy moet haar groente eet – terwyl die arme ouers al 'n jaar lank sukkel om haar so ver te kry!

Persoonlike kwessies affekteer doeltreffendheid

Al die vaardighede en strategieë wat alreeds genoem is, is van toepassing op onderwysers, maar ek moet veral beklemtoon hoe belangrik dit is om persoonlik te bly groei en om maniere te vind om van jou eie stres ontslae te raak, sodat jy opgewasse is teen die aanslae van die klaskamer. Sodra 'n onderwyser soggens by die klaskamerdeur instap, moet persoonlike kwessies en probleme buite bly. Dit kan maar weer op pad huis toe bymekaar geskraap word! Maar soek maniere om jou probleme te hanteer. Dit is onmoontlik om grense en perke

vir 'n klas vol kinders te stel as jy self in emosionele kwesbaar is – hulle kom dit sommer gou agter, en jou werk word binne oomblikke selfs nóg moeiliker.

'n Onderwyser wat ongelukkig is oor haar werk, met swak kommunikasievaardighede, en dalk ook met 'n lae selfbeeld, se probleme sal ongetwyfeld uit haar klaskamer-interaksie blyk. So 'n onderwyser sal dikwels die behoefte hê om die kinders oormatig te beheer, te onderdruk en te intimideer – eintlik as gevolg van haar eie diepgewortelde onsekerhede.

Ek het al dikwels gewonder waarom sekere onderwysers ooit dié beroep gekies het – dit lyk asof hulle nie eens van kinders hou nie! En natuurlik voel die kinders wat deur hierdie onderwysers onderrig word die ongeduld en onverdraagsaamheid aan, en hulle raak ekstra moeilik.

HOE DOELTREFFENDE ONDERWYSERS DUIDELIKE GRENSE STEL

Hulle respekteer kinders

Hulle beskou kinders as uniek en spesiaal en behandel hulle met respek. Net omdat hulle kleiner, jonger en minder ervare is, beteken dit nie dat hulle sonder respek behandel moet word nie.

Hulle wéét hoe om grense in plek te hou

Van die heel eerste dag af sal hierdie onderwyser beslis, maar kalm die geborgenheid van grense verskaf. Kinders weet wat die reëls en verwagtinge is.

- "As ek julle vra om na my te luister, beteken dit ek wil hê almal moet stilbly."
- "Ons steek ons hand op as ons iets wil sê."
- "Ons maak nooit iemand anders seer nie" – ensovoorts.

Elke klas het 'n gedragskode – waaroor daar van tyd tot tyd onderhandel kan word. Natuurlik het die skool ook sy eie spesifieke reëls – die kinders moet baie duidelik weet wat hulle is. Daar kan nie genoeg klem gelê word op hoe belangrik dit is dat almal weet wat van hulle verwag word nie.

Verbeel jou hoe dit sou voel as jy pas by 'n nuwe werkplek begin het en niemand sê vir jou wat van jou verwag word nie. Jy het geen idee wanneer jou tee- of middagpouse is nie is, wat jou rol is met betrekking tot die res van die personeel nie, wat jy met jou bestuurder kan bespreek nie, ensovoorts. Jy moet dan maar uit jou foute leer – dit kan 'n senutergende ervaring wees!

Die ander uiterste is dat jou hele lewe geregimenteer word. Elke beweging word dopgehou, jy kry die hele tyd opdragte sonder enige vryheid en jy kry punte teen jou as jy 'n fout maak.

Albei hierdie uiterstes sal angs, vrees, verwarring en onsekerheid veroorsaak – en nie een is bevorderlik vir 'n gesonde werk- of leeromgewing nie. Ons

almal moet weet waar ons grense is – en hoe jonger die kind, hoe duideliker moet hierdie grense uitgestippel word. Die klaskamer word 'n geborge, gelukkige en voorspelbare plek as kinders weet wat van hulle verwag word.

Hulle glo in die waarde van verhoudings bou

'n Goeie onderwyser werk binne die bestek van die klaskamerreëls deur te bou aan 'n verhouding van openlikheid met en vertroue in haar leerders. Dit is nie 'n poging om die 'Onderwyser van die Jaar'-toekenning te kry nie – maar 'n baie nodige aspek om 'n gelukkige omgewing te skep wat leer en groei bevorder.

Baie onervare onderwysers besef nie hoe noodsaaklik dit is om 'n gemoedelike verhouding met hul klas te bou nie – hulle laat dit na uit vrees dat hulle beheer oor die klas gaan verloor. Hulle streng optrede versuur dan hulle verhouding met die kinders.

Onthou wat ek gesê het – dissipline werk op sy beste wanneer verhoudings en kommunikasies oop is en 'n gees van respek en vertroue die norm is.

Hoe kan 'n onderwyser 'n positiewe verhouding met sy klas opbou?

Deur empatie te ontwikkel – dit wil sê die vermoë om aan die kinders die opregte indruk te gee dat jy hulle verstaan en na hulle luister. Dit is nie maklik wanneer jy voor 'n klas vol kinders staan nie – elkeen met sy eie spektrum van gevoelens. Maar die vermoë om te wys dat jy hul gevoelens van hul gedrag kan onderskei sal groot vrugte afwerp.

"Janie, ek kan sien jy wil baie graag jou storie vertel, maar ons skree nie uit nie; ons wag ons beurt af." "Jacques, ek weet jy is woedend vir Andrew, maar ons stoot nie ander mense rond terwyl ons na pouse in die ry staan nie."

Dit kan ook nodig wees om ontsyfervaardighede te ontwikkel. As 'n kind hartseer lyk, wag vir 'n stil oomblik, stap dan na haar toe en sê saggies: "Dit lyk my iets maak jou vandag baie hartseer – wil jy dalk daaroor gesels?" Baie onderwysers verkies om dit nie te doen nie, en redeneer: "As ek by hulle probleme betrokke moet raak, kom ek nooit by skoolhou uit nie!" Feit is, as ons 'n atmosfeer van aanvaarding en begrip vir gevoelens skep, dit dalk aanvanklik tyd neem, maar dis ongelooflik hoeveel tyd op die lange duur gespaar word. Jy sal sommer veel minder tyd hoef af te staan aan dissiplinering en krisisbeheer, want jou klas sal emosioneel geborge wees, met duidelike reëls en grense.

Deur kinders nie met mekaar te vergelyk nie. Net so onvergeeflik as wat dit vir ouers is, net so verwoestend is dit as onderwysers toevlug hiertoe neem. "Kyk hoe netjies is Emily se lessenaar – waarom kan nie soos y wees nie?" "Kyk hoe stil sit Robert – kan jy nie ook probeer nie?" Soos met konflik tussen broers

en/of susters, word smeulende vure van wrewel en wrokkigheid met sulke kommentaar verder aangeblaas – dit help glad nie om die ander in kompetisie met Robert en Emily te plaas nie!

Voortrekkery is ook 'n aartssonde. Dit is onmoontlik vir 'n onderwyser om dieselfde oor almal in haar klas te voel. Sy sál nader voel aan party as aan ander. Dit is normaal. Die uitdaging is om nie blatante voorkeure te laat blyk nie – en om daaraan te werk om die positiewe dinge te ontdek in kinders wat 'n groter uitdaging is as dit by dissipline kom. Maak seker dat jy nie altyd dieselfde kinders kies wanneer al die hande in die lug opskiet nie – en moet veral nie die stiller outjies miskyk nie, want hulle kan afgeskeep voel.

Vind positiewe eienskappe. Ek is een keer na 'n skool genooi om met 'n baie moeilike kind te help. Hy het in Graad 1 by die skool aangekom met 'n taamlike negatiewe verslag van sy preprimêre skool. Hy was 'n uitdagende kind; moeilik, hardkoppig en rebels. Die negatiewe etikette het opgestapel, en sy gedrag het dienooreenkomstig agteruitgegaan. Teen Graad 3 was hy 'n groot probleem. Sy bekwame en verstandige onderwyser het die erns van die saak besef toe hy op 'n dag deur sy klasmaats aangewys is as die skuldige in die een of ander oortreding – terwyl hy afwesig was toe die misstap begaan is. Sy het die bul by die horings gepak en my gevra om te help met ouerskapvaardighede. Die gesamentlike plan van aksie was dat sy sou probeer om die negatiewe gedrag waar moontlik te ignoreer, en selfs die kleinste pogings tot aanvaarbaarder gedrag sou prys. Dit was 'n stadige proses met baie terugslae, maar die uitkoms was ongelooflik. Die seun se selfbeeld het floreer, sy gedrag het verbeter in so 'n mate dat positiewe etikette meer dikwels gebruik is as negatiewe etikette – en die seuns in die klas het iemand anders as sondebok gekies!

> *"As kinders goed voel, sal hulle hul goed gedra. Hoe help ons hulle om goed te voel? Deur hul gevoelens te aanvaar!"*
>
> Faber en Mazlish, *How to talk so kids can learn.*

Deur die klas te geniet. Leer is 'n ernstige saak – en om beheer te hou oor 'n klas terwyl hulle al daardie assesseringsuitkomste probeer bereik, kan uiters spanningsvol wees. Moenie bang wees om af en toe die roetine te verbreek nie; laat hulle so 'n bietjie lag en speel. Dit is so belangrik vir verhoudings bou – en dit sal hul respek vir jou verhoog. Jy sal hulle dalk ferm moet herinner aan die reëls wanneer hulle die grense te ver probeer toets – maar die pret en die gelag skep baie positiewe emosionele bande. Kinders het regtig respek vir

daardie onderwysers wat kan ontspan en dan weet wanneer hulle weer die grense in plek moet kry.

Hulle is selfgeldend eerder as aggressief

Die bevoegde onderwyser kan orde en dissipline handhaaf sonder om terug te val op daardie uitgediende grootmenssondes, van:

Vernedering. Om 'n kind voor die klas tot skande te maak of af te kraak.

Sarkasme. "Dit lyk my jy dink jy is slim." "Is dit vir jou onmoontlik om enigiets behoorlik te doen?" "Is jy in die kerk gebore?" Een klein dogtertjie het haar onderwyser op 'n dag geantwoord: "Nee, in 'n hospitaal". Jong kinders verstaan nie sarkasme nie – maar dit laat hulle onveilig en verward voel.

Etikettering en slegsê. "Jy is so lomp." "Is jy vertraag vandag?" "Is jy dan 'n moroon?" ensovoorts. Etikette het gom aan. Hulle bly sit. As die onderwyser hom verlaat op 'n slegsêery en negatiewe etikettering, sal die klas ook daarby inval – en glo my, kinders het al viktimisasie tot 'n fyn kuns vervolmaak. Die onderwyser speel hier 'n sterk rol. Dit is ongelooflik belangrik om die verergering van 'n probleem te vermy. Maak nie saak hoe problematies 'n kind se gedrag is nie, die onderwyser kan 'n groot invloed hê op die houdings van klasmaats teenoor die kind. Sy kan hulle help verstaan dat, hoewel Jason dit moeilik vind om op te hou kriewel, hy hard probeer om stil te sit en dat hy baie goed is met boodskappies aandra en die boeke soggens uitdeel.

Jy-taal. Net soos ouers moet onderwysers dit vermy om uiting te gee aan sterk negatiewe emosies deur middel van sinne wat begin met "jy" – en veral "jy" met 'n reguit vraag! "Waarom kan nie jy dan nie jou boeke netjies hou nie?" "Julle is die lawaaierigste klas wat ek nog ooit gehad het." "Jy is vir almal 'n teleurstelling." Dit is onaanvaarbare maniere om uiting te gee aan negatiewe gevoelens, en sal nie doeltreffende dissipline in die klaskamer of op enige ander plek tot gevolg hê nie. Ontwikkel die vaardigheid om jou negatiewe gevoelens deur middel van die gebruik van ek-taal uit te spreek.

"Ek voel baie geïrriteerd wanneer niemand wil ophou praat nie."

"Ek is moeg om elke keer te sê julle moet hand opsteek as julle wil praat."

"Ek is so teleurgesteld met jou gedrag dat ek eers moet afkoel voordat ons hieroor gesels."

Die verstommende feit is dat, wanneer jy die respek van jou klas *verdien* het, en 'n positiewe verhouding met die kinders het, jy nie sal hóéf te skree om hul aandag te kry sodat jy hulle kan beheer nie. Al wat jy hoef te doen, is om rustig maar beslis vir hulle te sê hoe hul onaanvaarbare gedrag jou laat *voel*. Hulle koester hul verhouding met jou, en daarom wil hulle jou nie kwaad maak nie. Die meeste van hulle sal reageer op jou rustige en selfgeldende stellings oor

hoe hul gedrag jou laat voel. Maar vir dié wat nie reageer nie, sal jy dalk die skroewe ligweg moet aandraai – en dis hier waar ons kom by die uitdagings van kinders se besluite om die reëls te oortree.

Hulle het 'n kopskuif gemaak en die beginsels van positiewe, doeltreffende dissipline geïnternaliseer

Ek het oor die jare by baie onderwysers en skoolhoofde onwrikbare houdings oor die hele kwessie van dissipline bespeur. Baie van hulle weier om af te sien van hul oortuiging dat die probleme in ons skole alles te wyte is aan die feit dat lyfstraf verban is. Die belangrikste kwessie hier is nie die verbod op lyfstraf nie; dit is dat onderwysers nie genoegsaam opgelei is in die vaardighede wat nodig is om effektiewe alternatiewe dissiplinêre stappe te neem nie.

> *"Vandag kan ouers en onderwysers nie meer die kind dwing om hom te gedra nie. Die werklikheid eis dat ons nuwe metodes aanwend om kinders te motiveer en sover te kry dat hulle saamwerk. Straf soos slae gee, klappe uitdeel, vernedering, onthouding en lukrake afjakke is uitgediende en ondoeltreffende maniere om kinders te dissiplineer."*
>
> Dr. Rudolf Dreikurs.
>
> *"Straf kan wangedrag beheer, maar opsigself leer dit niemand wat aanvaarbare gedrag is, of verminder 'n neiging tot swak gedrag nie."*
>
> Dr. Albert Bandura.

Dit is 'n massiewe uitdaging vir onderwysers vandag om die balans te bereik wat nodig is vir goed gedissiplineerde skole en klaskamers. Skole neig óf om oor te gaan tot algehele anargie, waar die leerders die hef in die hand het en onderwysers bang is om enige reëls te probeer handhaaf, óf hulle dring aan op 'n outokratiese benadering – kinders tree op soos robotte, loop stil-stil in rye sonder om ooit hul gevoelens of opinies te mag lug. Ons moet die middeweg vind: gelukkige kinders wat met respek aan hul menings lug, en wat die regverdige en duidelike gevolge dra van die reël wat hulle het gekies om te breek.

Baie jong kinders hoef nie bang te wees vir hul onderwysers nie – vir hulle is dit heeltemal genoeg om te weet die gevolg van onaanvaarbare optrede is dalk 'n bietjie tyd op die 'dink-daaroor-na'-stoel of om tydelik na 'n ander klaskamer of 'n stil hoekie buite van die klaskamer verwyder te word. Terwyl kinders grootword, moet hulle weet

- Wat die reël of verwagting is: dis onaanvaarbaar om mense te stamp of seer te maak.

- Wat die gevolg is as die reël oortree word. As 'n kind kies om iemand te stamp of seer te maak, sal hy vyf minute van sy pousetyd inboet.
- Dat die onderwyser kalm, konsekwent die gevolg sal toepas – sonder om te skel of te verneder, en sonder om te oorreageer.
- Dat herhaalde oortredings sal lei tot hoërvlak-gevolge. Byvoorbeeld, na drie pouse-sessies sal die kind dalk na skool moet bly of die onderwyser help om die klaskamer aan die kant te maak, ensovoorts.

Ek kan hoor hoe sê julle: "Maar hulle is mal daaroor – hulle het die onderwyser se aandag vir hulself – dis nie 'n straf nie!" Ja, dit is nie 'n straf nie – kinders leer dat reëls afdwingbaar is. En dalk sal die onderwyser se individuele aandag help om agter die wortel van die kwaad te kom.

Hoërskoolleerders sal beslis erger gevolge vir hul onaanvaarbare adolessente gedrag moet dra. Dit is hierdie kinders wat dikwels afwykende gedragsneigings toon – maar die oortuiging dat "niks anders as lyfstraf sal werk nie" is belaglik. Hierdie kinders kom dikwels uit hoogs disfunksionele huise; die ouers moet ingeroep word en dalk na 'n maatskaplike werker of sielkundige verwys word. Hierdie kinders sal hulle al hoe meer onttrek en aggressief word – en die siklusse van geweld voortsit as hardhandige strafmaatreëls gebruik word om hulle te dissiplineer.

Hulle gebruik die benadering van probleemoplossing

Dit is dalk nodig dat die skoolhoof of die klasonderwyser die situasie herevalueer en weer oor die reëls onderhandel – asook die gevolge as hulle oortree word. Op hierdie manier pas skole aan by verandering – en skakel in by die behoeftes van die kinders. Die onderwyser kan dalk 'n vergadering van die klas belê en 'n oop bespreking aan die gang sit. "Ek is moeg daarvan om te neul dat julle nie uit jul beurt moet skree nie. Kom ons gesels oor hoe ons almal ten opsigte hiervan kan saamwerk." Moedig dan 'n oop bespreking en debat aan; gee geleentheid vir opinies en gevoelens om gelug te word, en trek weer die grense. Stel voor dat die nuwe ooreenkoms vir die volgende week getoets word – en hou dan 'n opvolgbespreking om te evalueer hoe dit gewerk het.

Hulle kry die samewerking van ouers

Hierdie kwessie kan 'n hele boek op sy eie wees! Dis genoeg om te sê dat dit 'n baie stresvolle faset van 'n onderwyser se taak is om met veeleisende, kritiese, oorbeskermende ouers te werk. En dit is rampspoedig vir 'n kind om onder die indruk te kom dat hy sy ouers in 'n magstryd met sy onderwyser kan betrek – dit sal slegs verdere afbreuk doen aan die dissipline by die skool.

- Ouers moenie onnodig betrokke te raak nie. Onthou die boodskap in

Hoofstuk 5 – luister, maar laat die kind sy eie probleme op los.

- As 'n ouer wél 'n onderwyser aanval (hopelik nie fisies nie!) moet die onderwyser 'n teenaanval of om oorverdedigend te raak, vermy. Gebruik jou vaardighede van empatie en reflektiewe luister: "Ek kan sien jy voel baie omgekrap oor die feit dat ek Claudia vir pouse ingehou het." Of probeer selfgeldende ek-taal: "Ek is baie ongemaklik daarmee om verskree te word terwyl die kinders luister – kan ons 'n tyd afspreek om na skool hieroor te gesels?" Die kuns is om vergelding en ontoereikende kommunikasiestrategieë soos om ouers negatief te etiketteer, te vermy. Die kinders sal dit aanvoel en dit jou dissiplinêre probleme net vererger

Hulle verstaan dat kinders individue is

Dit is van kardinale belang, met die toenemende klem op inklusiewe leer, dat onderwysers hulself bemagtig deur meer te leer oor hoe verskillend kinders leer. Kinders is nie almal eenders nie en onderwysers moet hulle toelaat om te leer op die manier wat vir hulle die gemaklikste is; sodoende sal beide onderwysers en leerders die minste frustrasie ervaar. Natuurlik baat hierdie kinders ook grootliks daarby as hul leerproses plaasvind binne veilige en standhoudende grense.

As onderwysers hul benadering tot dissipline en grense op dié riglyne kan skoei, sal daar 'n inherente begrip wees dat dissiplinêre probleme baie selde voorkom, wanneer leer sinvol is, motivering verskaf word en die onderrig toepaslik is.

OPSOMMING VAN HOOFSTUK 15

Onderwysers vervul 'n onmisbare rol in kinders se lewens. Om die balans te handhaaf tussen duidelike en konsekwente grensbepaling en die bou van verhoudings gebaseer op respek en vertroue, sal 'n bekwame onderwyser probeer om:

- te verseker dat sy of haar ingesteldheid verskuif word van oudmodiese en hardvogtige strafmaatreëls na een van leer uit die gevolge van keuses wat gemaak is.
- duidelike, ferm en konsekwente reëls en perke in te stel.
- nooit gebruik te maak van sarkasme, vernedering of negatiewe etikettering nie – en om liewer uiting te gee aan sy eie negatiewe gevoelens deur gebruik van selfgeldende ek-taal.
- vaardighede van aktief luister te oefen – sodat die klas weet dat hy omgee en hul gevoelens verstaan … en onaanvaarbare gedrag kan ontsyfer.
- die kinders by probleemoplossing in te sluit om oplossings vir moeilik kwessies te vind.
- werk aan eie persoonlike kwessies – nooit toe te laat dat persoonlike probleme die vaardigheid om moeilike situasies te hanteer in die wiele ry nie.